

# 17. Saul

## 1 Samuel 9 - 16

### God roep ampsdraers in sy diens

God roep en stel persone aan om as werktuie in sy diens op te tree en daardeur sy wil uit te voer. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Die Here roep wie Hy wil om in sy diens op te tree.
- Ware godsdiens vereis gehoorsaamheid aan die woord van die Here.
- God duld geen eiewillige godsdiens nie.

### Samuel ontmoet Saul

Kis, 'n man uit die stam van Benjamin, stuur sy seun Saul om sy esels wat weg is, te gaan soek. Toe Saul die esels nie kry nie, stel sy dienskneg voor dat hulle na Samuel in Rama gaan om hom te vra of hy hulle nie kan help om die esels op te spoor nie. Saul en sy kneg kry Samuel in die stadspoort terwyl hy op pad is om 'n offer buite die stad op 'n heuwel te gaan bring.

Toe Samuel die mooi, jong man sien wat letterlik kop en skouers bo die ander Israeliete uitstaan, laat die Here hom weet dat Saul die toekomstige koning is. God het die vorige dag reeds vir Samuel gesê dat Hy 'n man uit Benjamin na hom toe sal stuur om die volk van die Filistyne te verlos. Samuel nooi Saul uit om saam met hom te kom eet. Verder vertel Samuel vir Saul dat sy vader die esels reeds gekry het.

### Samuel salf Saul as koning

By die offermaal laat Samuel vir Saul op die belangrikste plek aan tafel sit. Saul oornag by Samuel en vroeg die volgende môre toe Saul vertrek, loop hy saam met hom. Toe hulle op 'n afgesonderde plek kom, salf hy Saul tot koning oor Israel. Hy gee aan Saul 'n paar bewyse dat hy werklik deur die Here as koning geroep is. Ten eerste sal twee mans bevestig dat sy pa die esels gekry het. Daarna sal hy drie mans teëkom wat op pad is om te offer. Hulle sal hom twee brode aanbied, wat hy dan by hulle moet neem. Laastens sal hy 'n groep profete ontmoet en self ook saam met hulle begin profeteer.

Alles gebeur presies soos Samuel voorspel het. Saul sê egter vir niemand dat Samuel hom gesê het dat hy koning gaan word nie. Toe hy in Gibeon kom, begin hy saam met die profete van Gibeon profeteer. Van die mense sien hom profeteer en vra verbaas of dit regtig Saul is wat saam met die profete profeteer. Hierna bly Saul by sy pa se huis tot hy later as koning ingehuldig word.

### **Saul word as koning ingehuldig**

Samuel roep die volk in Mispa bymekaar om hul koning aan hulle voor te stel. Die lot word gewerp en Saul word aangewys. Hy is egter nêrens te vinde nie. Eindelik kry hulle hom waar hy tussen die pakgoed wegkruip. Toe hulle hom bring en die volk sien dat hy langer is as al die ander Israëliete, roep hulle uit: "Mag die koning lewe!"

Samuel maak daarna die wet van die koning aan die volk bekend, en hulle gaan huis toe. Ook Saul keer terug na Gibeon om te sien wat gaan gebeur, aangesien 'n deel van die volk hom nie as koning wil erken nie.

### **Die Ammoniete val Gilead binne**

'n Ruk later val die Ammoniete Gilead binne. Die inwoners van Jabes in Gilead besef dat hulle geen kans teen die Ammoniete staan nie en wil met hulle 'n verbond sluit waarvolgens hulle die Ammoniete sal dien. Die Ammoniete se koning stem in op voorwaarde dat die regteroog van almal wat in Jabes woon, uitgesteek word. Die inwoners van Jabes is baie hartseer, omdat die kans uiters skraal is dat iemand hulle sal help.

Die boodskappers van Jabes kom in Gibeon en Saul hoor wat gebeur het. Die Gees van die Here besiel hom en hy kap 'n paar van sy trekosse in stukke en stuur dit met boodskappers deur die hele land. Saam met die stukke vleis stuur hy 'n boodskap dat elke Israëliet wat nie saam met hom en Samuel kom om teen die Ammoniete te veg nie, se beeste so stukkend gekap sal word. 'n Leër van 330 000 mans daag by Besek op om saam met Saul teen die Ammoniete te gaan veg.

### **Saul word as koning erken**

Die boodskappers keer terug na Jabes en sê vir die inwoners dat hulle die volgende dag wanneer die son op sy warmste is, hulp sal ontvang. Saul trek gedurende die nag deur die Jordaan en vroeg die volgende môre stel hy

sy manskappe in drie afdelings op. Hy val die Ammoniete aan en verslaan hulle. Die hele volk is bly dat hy Jabes van die Ammoniete verlos het en erken hom nou as hul koning. Veel later, toe Saul dood was, het die mans van Jabes eer aan Saul bewys deur sy lyk te gaan haal en dit te begrawe.<sup>132</sup>

Nadat Saul as koning deur die volk erken is, tree Samuel nie meer as rigter op nie. Voortaan sal hy net as priester en profeet optree. By sy uittrede as rigter hou hy 'n besonderse afskeidsrede. Net soos Josua pleit hy by die volk om die Here te bly dien. Hy waarsku hulle ook dat as hulle verkeerd optree, hulle sowel as hul koning sal omkom.

Saul tref daarna dadelik maatreëls om die land teen die Filistyne te beskerm. By Gibeon wag sy seun Jonatan, 'n aanval op die Filistyne en behaal 'n oorwinning. Saul stel die hele Israel van hierdie oorwinning in kennis, en hulle word opgeroep om teen die Filistyne te veg. Die Filistynse leër het 3 000 strydwaens en 6 000 perderuiters, en Israel moet voor die Filistyne vlug. Saul trek terug na Gilgal en wag daar vir Samuel om aan die Here te kom offer voordat hy uittrek om teen die Filistyne te veg.

## **Saul is ongehoorsaam**

Saul wag gehoorsaam op Samuel se koms, maar hy daag nie op nie. Saul raak al meer benoud omdat sy leër al kleiner word soos sy manskappe hom verlaat. Wat moet Saul doen? Samuel sou die brandoffer offer en die dankoffers slag en die Here om genade smee. Die offerdiere staan gereed en toe Samuel na sewe dae steeds nie opdaag nie, besluit Saul om self aan die Here te offer. Saul tree ongehoorsaam op aangesien hy nie 'n priester is nie en net die priesters mag offer.<sup>133</sup> Saul se optrede lyk baie vroom, maar dit druis in teen God se uitdruklike bevel dat Samuel die offer moet bring.

Net toe Saul gereed is om te offer, daag Samuel op. Samuel het so lank gewag om Saul te toets of hy wel gehoorsaam aan die Here gaan wees of nie. Saul het nie na die Here geluister nie, maar eerder gedoen wat hy self gedink het reg is. Saul moet nou hoor wat Samuel as profeet van die Here

---

132 2 Sam. 2: 4 en 5 Daarna het die manne van Juda gekom en Dawid daar as koning oor die huis van Juda gesalf. Toe hulle aan Dawid meedeel en sê: Dit is die manne van Jabes in Gilead wat Saul begrawe het, stuur Dawid boodskappers na die manne van Jabes in Gilead om aan hulle te sê: Mag julle geseënd wees deur die HERE, dat julle hierdie guns bewys het aan julle heer, aan Saul, en hom begrawe het.

133 Num. 18 : 7 En die priester moet die brandoffer en die spysoffer op die altaar offer. So moet die priester dan vir hom versoening doen, en hy sal rein wees.

vir hom sê. Hard klink sy oordeel. Saul het dwaas opgetree deur nie na God se gebod te luister nie, want anders sou die Here sy koningskap oor Israel vir goed bevestig het, maar nou sal die Here sy koningskap wegneem en vir 'n ander gee. Die Here het vir Hom 'n man na sy hart gesoek om as koning oor sy volk aan te stel.

Sonder die Here se hulp is Saul magteloos. Die Filistynse leër trek deur die hele land en plunder alles. Net 600 mans bly by Saul oor. Om sake te vererger het die Israëliete geen wapens nie, aangesien die Filistyne almal wat wapens in Kanaan kon vervaardig, uit die weg geruim het.

## **Jonatan**

Die Here laat nie sy volk alleen nie. Jonatan loods weer 'n aanval op 20 Filistyne en verslaan hulle. Die ander skrik en slaan op die vlug. Terwyl hulle vlug, tref die Here hulle met 'n aardbewing wat hulle nog meer laat skrik. Saul besef dit is tyd om aan te val. Hulle verslaan die Filistyne en van oral kom Israëliete weer by Saul aansluit. Hy belet sy soldate om voor sonder te eet aangesien hy alles in sy vermoë wil doen om die Filistyne heeltemal uit Kanaan te verdryf.

Jonatan wat aan die voorhoede veg, hoor nie Saul se bevel nie en eet wilde heuning wat hy in die veld kry. Een van die manskappe berispe hom en sê dat sy pa die man wat iets eet, vervloek het. Hierop antwoord Jonatan dat sy pa se optrede die land in die ongeluk stort. Hy is oortuig daarvan dat die volk afgemat is omdat hulle niks mag eet nie. Teen die aand is die ander soldate so honger dat hulle die vleis rou eet, iets wat vir die Israëliete onaanvaarbaar was.

Saul vra God of hy die Filistyne verder moet agtervolg, maar God antwoord nie. Dadelik neem Saul aan dat iemand gesondig het en werp die lot om te bepaal wie die skuldige is. Die lot wys Jonatan aan. Hy erken dat hy gedurende die dag heuning geëet het, maar die volk maak so sterk beswaar daarteen dat hy gestraf word, dat Jonatan nie die doodstraf ontvang soos Saul beloof het nie. Al het Israel die Filistyne verslaan, is die dag vir Saul 'n treurige dag. Die volk eer Jonatan bo hom. Die dag was Jonatan s'n en nie Saul s'n nie. Daarna het die verhouding tussen Saul en sy seun Jonatan onherstelbaar verbrokkel.

## Saul verslaan die Amalekiete

Die Here beveel Samuel om na Saul te gaan en aan hom te sê dat hy die Amalekiete moet uitroei, omdat hulle Israel in die woestyn aangeval het. Hy mag geen mens of dier spaar nie, alles moet doodgemaak en verbrand word. Saul voer die bevel van God uit, maar spaar Agag, die koning van die Amalekiete, se lewe en bring die beste vee as buit met hom terug.

Saul is baie tevrede met sy oorwinning en rig 'n gedenkteken op ter ere van sy oorwinning. Die teken dien egter as 'n teken van sy eiewilligheid wat uitloop op sy ondergang.

Met sy terugkeer ontmoet Samuel hom by Gilgal. Saul groet Samuel met die woorde dat hy die bevel van die Here uitgevoer het. Samuel wil by Saul weet hoekom hy 'n geblêr van kleinvee en 'n gebulk van beeste hoor. Saul antwoord dat hy die beste vee van die Amalekiete gebring het om dit aan die Here te offer.

Saul regverdig sy eie optrede en sinspeel selfs daarop dat hy aan God gehoorsaam was. Samuel antwoord dat die Here hom nie laat paai met offerandes nie. Om gehoorsaam te wees is beter as om aan die Here slagoffers te bring en om te luister is beter as om die vet van ramme te offer.<sup>134</sup> Saul het 'n ernstige oortreding begaan deur nie na God te luister nie, maar eerder sy eie kop te volg. Samuel sê aan Saul dat wederstrewigheid die sonde van waarsêery en eiesinnigheid afgodery en beelddiens is.

## Saul word deur God verwerp

Saul se sondes word op die naam genoem: wederstrewigheid en eiesinnigheid. Samuel dui ook aan hoekom Saul se sondes 'n oortreding van God se wet is. Deur Saul se sonde gelyk te stel aan waarsêery, afgodery en beelddiens beteken dat Saul die eerste en tweede gebod van God se wet oortree het.<sup>135</sup> Saul het deur sy wederstrewigheid nie God nie, maar homself

---

134 Ps. 40: 7 U het geen behae in slagoffer of spysoffer nie; ore het U vir my gegrawe; brandoffer en sondoffer het U nie geëis nie.

135 Eks. 20: 3 - 6 Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooe onderhou.

gedien. Deur sy eiewilligheid verwerp hy God en dien 'n afgod, naamlik homself. Samuel sê hiermee nie dat dit verkeerd is om aan die Here te offer nie, maar dat die Here daarby 'n gehoorsame hart soek.<sup>136</sup>

Die Here het berou dat Hy Saul as koning aangestel het. Daarom sê Samuel aan Saul dat God hom verwerp het, aangesien hy nie aan die Here se woorde gehoorsaam wil wees nie. Saul vra om vergiffenis en versoek Samuel om saam met hom te gaan sodat hy die Here kan aanbid. Hy is egter nie op soek na ware vergiffenis nie, want soos dit later blyk, is hy eintlik eerstens bekommerd oor sy goeie naam. Daarom vra hy dat Samuel hom eers voor die volk moet eer voor hulle gaan om tot God te bid. Sy vonnis bly egter onveranderd. Omdat hy die woord van die Here verwerp het, het God hom as koning verwerp.

Toe Samuel omdraai om te loop, gryp Saul sy kleed en in die proses skeur hy 'n stukkie van Samuel se kleed af. Hierop sê Samuel vir Saul dat God ook so die koningskap van hom afgeskeur het en aan 'n ander man sal gee. Nadat Samuel Agag, die Amalekiete se koning, doodgemaak het, gaan hy terug na Rama. Samuel het ná die gebeure Saul nooit weer gesien nie.

---

136 Hos. 6: 6 Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers.

### **Aanbevole leesstukke**

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 379 - 393 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 212 - 225 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 256 - 271 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 392 - 403 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 2: Rigters - Hooglied. Pretoria: DBU. 31 - 39 p.